## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord SLEGS die vraag oor die kortverhale/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

VRAAG 6*: BLADSAK* – Lucas Malan

VERHAAL A: "STOKVEL OP 'N PLAAS" (20) **EN** VERHAAL B: "TOM" (20)

**OF**

VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

### VRAAG 6*: BLADSAK* – Lucas Malan

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: "STOKVEL OP 'N PLAAS" – Justice L Makete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

Die eenvoudige maar stewige grasdakhuis met sy rooi, gebakte bakstene en die groot lapa is in die week netjies oorgedoen. Die oop en vriendelike lapa herinner ons aan die lapahuis van Malelane, Skukuza en Lapalala.

Die kinders skarrel soos hoenders toe MaDlamini die mapai's van hulle af wegtrek. "Vukani Bantwana!" skree sy luidkeels. Elkeen moet woel, want hierdie is 'n buitengewone dag. Almal moet 'n handjie iewers bysit.

Baba Dlamini is al besig met die slagding. Dis 'n spekvet Dorper afkomstig van die aangrensende plaas. Die goed is deesdae ontsettend duur, mompel hy soos hy sy okapi in sy sak steek. Sy enigste lewende broer, Lwandi wat op die myne in Stilfontein werksaam is, is dié naweek tuis om die verrigtinge by te woon.

Hy wat Lwandi is, is besig om die ingewande skoon te maak. Die vuurtjie knetter al so heerlik by die kookplek. Dis boekenhout daardie, merk Baba Dlamini op, lekker sterk, gloeiende kole.

6.1 Wat is die naam van die plaas waar die stokvel gehou word? (1)

6.2 Die Dlamini's het gesorg vir die kos.

Wie moes seker maak dat die sorghumbier lekker gebrou het? (1)

6.3 Baie mense het plaas toe geloop.

Noem nog TWEE maniere waarop mense by die stokvel opgedaag het. (2)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

Daar was orde by die formele deel van die stokvel. Dit lei ons af uit die ...

A dominee wat hardop gebid het.
B lede wat elkeen R20 betaal het.
C byeenkoms wat stiptelik om twaalfuur begin het.
D lede wat vrolik geantwoord het as hul name gelees is. (1)

6.5 Thabiso, die tesourier, het nie nodig gehad om versigtig te wees met die ledegeld waarvoor hy verantwoordelik was nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.6 Waaruit kon MaDlamini aflei dat die stokvelgaste haar kos geniet het. (1)

6.7 Maraikie was nie lid van die stokvel nie en sy moes betaal as sy wou eet of drink. Sy het gedink die lede was geldgierig.

As jy 'n lid was, wat sou jy vir haar hierop geantwoord het? (1)

6.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die register is geneem.
- Die ledegeld is ingevorder.
- Die versamelde geld is oorhandig.
- Die dominee het die vergadering met gebed geopen. (4)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die stokvelgeld was vir baie lede (ekstra/die enigste) geld om die hele gesin deur die maand te help. (1)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Teen twee-uur die middag het die mokiti gewoonlik sy (hoogtepunt/ laagtepunt) bereik. (1)

6.11 Voltooi die volgende sin deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.11.1 en 6.11.2) en die ontbrekende woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| rustig; | hartseer; | vrolik |

Terwyl die meeste mense by die stokvel (6.11.1) ... was, het die ou mense (6.11.2) ... in die strooihuisie gesit. (2)

6.12 Waarom sou "Verkeerde dade word gestraf" 'n goeie titel vir die laaste deel van hierdie verhaal wees? (1)

6.13 Waarom kan 'n mens sê dat Mandevu iemand was op wie die Dlamini's kon staatmaak? (1)

6.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.14) neer.

Hierdie verhaal word op 'n ... manier vertel.

A ernstige
B vreemde
C hartseer
D grappige (1)

6.15 Waarom sou jy, as jy MaDlamini of Sipho was, daardie Saterdagaand met 'n lekker hart kon gaan slaap het? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "TOM"– Jeanne Goosen**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

> "Die donkie sal hom self betaal," sê my broertjie. "En ek sal wel iewers 'n ekstra werkie kry."
>
> Hy streel die donkie se kop liefderyk. "Kyk net hoe het hulle hom mishandel." Hy wys na die skaafplekke op die dier se blaaie. My broertjie sê dit asof dit my skuld is.
>
> Ek gaan sit op die klip voor die kombuisdeur en voel lus om te huil. Wat de hel gaan ons met die donkie doen? Al daardie geld en dit is nog maar vroeg in die maand.
>
> Die donkie staan botstil. Hy kyk stip en intens na my. Dit lyk asof hy my verwyt.

6.16 Hoeveel het die broertjie vir die donkie en die karretjie betaal? (1)

6.17 Waarom het die verteller se broertjie die donkie gekoop? (1)

6.18 Noem TWEE dinge wat die verteller kon doen met die geld wat die broertjie op die donkie bestee het. (2)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.19) neer.

As die broertjie sê die "donkie sal hom self betaal," bedoel hy eintlik dat hulle die donkie ...

A later kon verkoop.
B gaan laat swaar dra.
C sal laat werk en só geld maak.
D sal afbetaal met die geld waarvoor die broertjie gaan werk. (1)

6.20 Die koop van die donkie was die eerste keer dat die verteller nie tevrede was met die broertjie se optrede nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.21 Wat was die eerste teken dat die verteller se hart besig was om vir Tom sag te word? (1)

6.22 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die broertjie het voorgestel waar Tom kon wei.
- Die verteller het gesien hoe lief die donkie klaar vir die broertjie was.
- Die broertjie het aangebied om skoon te maak waar Tom gemors het.
- Die verteller was moedeloos toe hy/sy sien wat die broertjie gekoop het. (4)

6.23 Wat was die eerste fout wat die verteller se broertjie in hierdie hele proses begaan het? (1)

6.24 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is baie duidelik in die verhaal dat die (broertjie/verteller) die planmaker in die huis is. (1)

6.25 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.25.1 en 6.25.2) en die ontbrekende woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| verniel; | geniet; | omhein |

Die verteller was bang dat Tom die groentetuin sou (6.25.1) ... Die broertjie het gedink hulle sou Tom kon hou as hulle net die groentetuin kon (6.25.2) ... (2)

6.26 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As die broertjie sê dit was "love at first fright", verwys hy na die (donkie/verteller) wat geskrik het. (1)

6.27 Waarom is dit reg dat die broertjie vir sy donkie 'n naam gegee het en hom nie sommer net "Donkie" genoem het nie? (1)

6.28 Waarom is die broertjie reg as hy sê hy is nie altyd "stupid" nie? (1)

6.29 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.29) neer.

Die tema van hierdie verhaal is ...

A armoede.
B winskopies.
C dieremishandeling.
D die liefde tussen mens en dier. (1)

6.30 Waarom voel ons aan die einde van die verhaal bly? (1)
**[40]**

**OF**

